maroela media
afrikaanse nuus- en kuierplek

Aanneming: besluit met jou hart én kop

22 November 2018
(https://maroelamedia.co.za/2018/11/22/)
Christel Cornelissen
(https://maroelamedia.co.za/author/christelcornelissen/)

(https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2018/11/kind-ouers.jpg)

Argieffoto: Pixabay

Kenners sê aanneming kan die ideale oplossing wees vir gesinne wat smag na 'n kind, maar waarsku dat besluite daaroor nooit halsoorkop geneem moet word nie.

Katinka Pieterse, voorsitter van die National Adoption Coalition of SA (Nacsa) en direkteur van Abba Specialist Adoption and Social Services het meer as twintig jaar ervaring, maar sê sy verromantiseer die proses steeds geensins nie. Dit is 'n moeilike pad, maar uiteindelik 'n baie bevredigende een. En een wat jou kan laat voel dat jou gesin uiteindelik volledig is.

Waar om te begin?

"Dis 'n redelik gekompliseerde proses en dit vat tyd. Jy moet weet dis nie die maklikste proses nie en as iemand vir jou sê dit ís 'n maklike proses, sien ek rooi ligte. Daar is 'n hele wetlike proses wat gevolg moet word aan die een kant met die aanneembare kind. Daar is ook nie noodwendig al 'n kind in die prentjie nie, verkieslik nie (behalwe in die geval van 'n sogenaamde geïdentifiseerde aanneming). Ons werk uit 'n kinderbeskermingsoogpunt, so ons werk in die kind se beste belang – vanuit 'n kindgesentreerde perspektief.

"Ons vind nie kinders vir families nie. Ons werk met die kinders op ons registers. Hier is kinders wat families nodig het. Kinders wat aanneembaar is, wat nie families het nie. Ons soek families vir daai kinders," sê Pieterse.

Sy sê die heel eerste stap is om 'n gerespekteerde organisasie te vind wat spesialiseer in aannemings en om daarna diep selfondersoek te doen oor waarom jy 'n kind wil aanneem.

"As jy met jou kop én jou hart 'n besluit neem en jy verstaan die realiteit van aanneming en jy verstaan die profiel van die kind wat jy gaan aanneem en waar hy of sy vandaan kom en jy verstaan die uitdagings, dan gaan jy oop oë in. As jy aan die einde van daai proses nog steeds sê 'dis wat ek wil doen, dis hoe ons 'n gesin gaan word', is ek vas oortuig jy gaan oukei wees."

Hoewel aanneming swaar gereguleer word en die proses dikwels deur sistemiese probleme uitgerek word, word alles uiteindelik in die belang van reeds weerlose kinders gedoen.

Die siftingsproses

Pieterse sê die siftingsproses, waar ŉ voornemende ouer of ouers gekeur word, kan angswekkend lyk, maar dit is nie. Sy sê die hof moet uiteindelik tevrede wees dat in die beste belang van die kind opgetree is, en dat dié proses juis daarom so nodig is.

Die proses word nie afgerammel nie, en sal minstens ŉ paar maande duur. Dit sluit in agtergrondondersoeke oor jou gesin, jou huwelik (indien van toepassing), intra- en interpersoonlike verhoudings, mediese geskiedenis, referente en polisieklaring dat jy nie ŉ misdaadgeskiedenis het nie.

ŉ Voornemende aanneemouer kan dus baie blootgestel voel.

“In my hart en kop wil ek glo die maatskaplike werkers wat hiermee werk se benadering is ŉ ontwikkelingsbenadering. Hulle kyk nie hoe hulle jou kan diskwalifiseer nie, maar hoe hulle jou kan toerus,” sê Pieterse.

Voornemende ouers word intensief begelei oor wat om te verwag van die proses en die uiteindelike aanneming, sowel as hoe om verskillende situasies met ŉ aangenome kind te benader. Kinders wat in dié stelsel beland het dikwels op ŉ baie jong ouderdom reeds groot trauma of verlies beleef, en kan dus spesiale behoeftes hê.

Wanneer die proses afgehandel is en mense as voornemende aanneemouers goedgekeur word, word hulle name op ŉ lys by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geplaas. Die proses om ŉ kind by die voornemende ouers te pas, begin hierna. Sodra dié passing afgehandel is, word ŉ verslag by die kinderhof ingedien en die aanneming daar bekragtig. Die kind is daarna in presies dieselfde situasie as enige ander kind in ŉ biologiese gesin en geniet ook dieselfde regte.

(https://maroelamedia.co.za/wp-content/uploads/2018/11/gesin-kinders.jpg)

Argieffoto: Pixabay

Aannemingsvoorkeure

Pieterse sê die meeste mense het voorkeure wanneer hulle ŉ kind wil aanneem. “Ons praat van aannemingsvoorkeure. Jy kan nie kom met vereistes nie, want dan gaan jy ook baie lank wag. Vir maatskaplike werkers gaan dit oor die sorgbehoewende kind vir wie ons ŉ familie soek. Ons wil nie families vir kinders gaan soek nie, maar enige normale mens het voorkeure.”

Voorkeure word sover prakties moontlik in ag geneem en sluit in kwessies soos ras, geslag en ouderdom. ŉ Voornemende ouer moet ook sélf besluit waarvoor hy of sy kans sien. Pieterse glo ook dié voorkeure is baie belangrik vir die langtermynsukses van aanneming.

Die koste verbonde

Die koste verbonde aan die aannemingsproses wissel tussen organisasies, maar word deur wetgewing gereguleer. Dit vorm uiteindelik ook deel van hofdokumente wanneer die proses daar gefinaliseer word, wat behoorlike beheer verseker.

Pieterse sê egter dis nie net sogenaamde ryk mense wat as aanneemouers kwalifiseer nie, hoewel jy moet kan bewys dat jy 'n kind kan onderhou.

"As jy (byvoorbeeld) by my kom en jy sukkel bietjie en jy's nie finansieel so sterk nie en jy's 'n enkelma, jy't bietjie druk, jou wêreld is nie perfek of ideaal nie, maar jy't 'n hart en jy wil aanneem, gaan ek met jou 'n pad stap. Ek gaan jou nie diskwalifiseer nie, ek gaan jou toerus."

Sy benadruk egter dat jy nooit vir 'n kind mag betaal nie. Om te betaal vir 'n diens waar 'n spesialis jou deur die proses neem tot jy uiteindelik 'n kind aanneem, is wettig. Om 'n kind te koop, is mensehandel. Sy maan mense ook om weg te bly van advertensies op byvoorbeeld sosiale media waar iemand na ouers vir 'n baba soek.

"Dis 'n etiese mynveld. As jy nie jou eie biologiese kinders kan hê nie en jy is deur al hierdie infertiliteitspyn, dan is jy soms nogal desperaat. Die mense het seer. Hulle is desperaat en weerloos en dan kan hulle maklik slagoffers word," sê Pieterse.

Veranderende profiel van aanneemouers

Die profiel van aanneemouers het die afgelope vyftien jaar boonop heelwat verander, en dis nie net sogenaamde tradisionele gesinne wat as geskikte aanneemouers gesien word nie. Tog is daar steeds heelwat hindernisse, dikwels te doen met tradisionele kultuur, wat die aannemingsproses kan bemoeilik.

Pieterse sê byvoorbeeld enkelouers, mense in selfdegeslagverhoudings, swart Suid-Afrikaners en paartjies wat net saamwoon maar nie getroud is nie, word toenemend aanneemouers. Selfs diegene met 'n mediese toestand soos kanker (nie terminaal nie), kan kwalifiseer.

Waar pas pleegsorg in?

Pleegsorg lei nie noodwendig altyd tot aanneming nie, maar kan uiteindelik in 'n permanente plasing verander. Pleegouers wil ook nie noodwendig altyd 'n kind aanneem nie, of 'n kind kan byvoorbeeld tot op 18-jarige ouderdom in pleegsorg bly, maar nooit aangeneem word nie.

Pieterse sê egter die meeste organisasies wat in aanneming spesialiseer, kan ook voornemende pleegouers akkommodeer.

En terwyl nagenoeg 500 000 kinders in pleegsorg geplaas is, sê Pieterse net meer as 1 100 aannemings is in 2017-'18 afgehandel.

Haar beste raad aan voornemende ouers is om nooit die proses halsoorkop of impulsief te benader nie, maar om ook nie daardeur afgeskrik te word nie.

Vakansieouers

Om as sogenaamde vakansieouers gekeur te word, gaan aansoekers deur grootliks dieselfde proses as vir pleegsorg. ’n Maatskaplike werker moet ’n tuisbesoek doen, persoonlike verhoudings, ook dié met ander kinders in die gesin, word ondersoek en die finansiële vermoëns van die gesin word in ag geneem. Aansoekers moet in dié geval ook polisieklaring hê, en mag byvoorbeeld ook nie skuldig wees aan veral oortredings teenoor kinders nie.

Volgens die Abraham Kriel Bambanai-tehuis is daar ook verskeie ander vereistes waaraan hulle sogenaamde vakansievriende moet voldoen. Dié mense wil veral ’n diens aan ’n weerlose kind lewer, en moenie net soek na byvoorbeeld ’n speelmaat vir hulle eie kind nie.

Die organisasie sê kinders moet onder meer leer hoe om deel te uit te maak van normale gesinne en hoe om in gesinsverband pret te hê én konflik te hanteer. Daar word dus groot vertroue in vakansievriende geplaas om as modelle hiervan op te tree.

Klik hier vir nog inligting:

Die National Adoption Coalition of SA (Nacsa) (https://adoption.org.za/about/)
SA Regering (https://www.gov.za/services/adopt-child/apply-national-adoption)
Abraham Kriel Bambanani (https://abrahamkriel.org/)

Maroela Media het vroeër berig oor die ma van ’n aangenome seun en die pad wat hulle gestap het. Lees die berig hier (https://maroelamedia.co.za/goeiegoed/ouerskap/die-krag-van-n-pleegma-ons-sal-nooit-opgee-nie/).

Deel van: In diepte (https://maroelamedia.co.za/kategorie/nuus/in-diepte/), Ouerskap (https://maroelamedia.co.za/kategorie/goeiegoed/ouerskap/)